# Gebed

In hierdie studie gaan ons kortliks by verskeie aspekte van gebed stilstaan. Gebed was nog deur die eeue heen altyd baie belangrik vir elke gelowige. Dit is ons kommunikasiekanaal met God. Hierdeur praat ons met God en God praat met ons. Die wonder van gebed is dat ons dit 24 uur per dag kan doen. Daar is nie "kantoorure" nie. Tog is daar baie mense vir wie gebed nie belangrik is nie. Hulle gebruik dit slegs in noodsituasies. Vir 'n gesonde verhouding met God is voortdurende gebed ononderhandelbaar. Wel kom ons val weg ek kyk na die verskillende aspekte van gebed. Geniet die reis.

## 1. Lees weer die modelgebed soos Jesus ons geleer het in Matt. 6:9-13

a. Wat staan vir jou persoonlik uit van hierdie gebed?

## 2. Lees Lukas 5:15-16

a. Wat sê hierdie verse vir jou oor Jesus se gebedslewe?
b. Hoe lyk jou gebedslewe tans?
c. Wat dink jy het met Jesus gebeur as Hy Homself afgesonder het in gebed?
d. Baie mense is bang om te bid. Hulle dink dat hulle verkeerd sal bid en dat God dan kwaad sal wees. Hoe sou jy so persoon help om meer gemaklik te wees rondom gebed?

## 3. Gebedsverhoring

a. Lees Joh. 11:41-42
b. Wat bid Jesus in hierdie gebed?
c. Wat is jou siening rondom gebedsverhoring?
d. Hoekom is dit so moeilike saak vir ons as mens?

## 4. Bid voor besluite

a. Lees Luk. 6:12-13

b. Wat doen Jesus nadat Hy die hele na deur gebid het?

c. Hoe baie bid jy voor besluite?

## 5. Voorbidding

a. Joh. 17:9, 11, 15, 17, 21

b. Wat bid Jesus vir sy dissipels?

c. Wat beteken dit vir jou dat Jesus hierdie dinge vir jou bid?

d. Hoekom is dit belangrik dat ons ook vir mekaar sal bid?

## 6. Stoeigebede

a. Lees Luk. 22:39-46

b. Wat vra Jesus hier vir God?

c. Wat bid Hy in Mark. 15:34 aan die kruis?

d. Mag ons so met die Here praat? Mag ons moet hom "stoei" in ons gebede?

e. Het ander Bybelfigure met die Here geworstel?

## 7. Elemente van gebed

***a. Lof en Aanbidding***

i. Dis om vir God te sê wie Hy is, wat Hy doen. Met ander woorde om Hom te loof en te prys

***b. Skuldbelydenis***

i. Om te bid vir vergifnis en ons skuld te bely – vergifnis veronderstel dat ons ons sonde sal erken (bely) en berou daaroor sal hê.

***c. Dankie-sê***

i. Ons sê dankie vir dit wat ons van die here ontvang, vir wat Hy vir ons gee en doen.

***d. Voorbidding***

i. Om vir ander te bid en ook ons eie behoeftes voor die Here te lê.

e. ***Toewyding***

i. Om ons toe te wy aan die here – om te buig onder sy wil en hand sodat Hy ons kan vorm

## 8. Gebed is meer as net vra

a. Dink jy waarlik dat gebed meer is as net vra?

b. Waarom bid ons as God dan alwetend is, dat Hy eintlik reeds weet wat ons nodig het?

c. Dink vir 'n oomblik na oor dit waaruit jou gebede bestaan en besluit hoe jy anders moet bid.

## 9. Gebed is om te aanbid

a. Ps. 103:1-2 en Ps. 104:1-5

b. Dink jy ons moet hierdie aspek altyd in ons gebede inkorporeer al voel ons nie so nie?

## 10. Gebed is om te bely

a. Ps. 51:1-14

b. Hoekom kan ons ons sondes voor die Here bely?

c. Watter verskil maak belydenis in ons lewens?

## 11. Gebed is om dankie te sê

a. Kol. 1:3-4 en 1 Tess 1:2-3

b. Hoekom is dit volgens jou belangrik om vir die Here dankie te sê

## 12. Gebed is ook om te kla

a. Ps. 13

b. Dink jy ons mag kla voor die Here?

## 13. Gebed is om te vra

a. 1 Tess. 5:25 en 1 Tim. 2:1-2

b. Watter rol speel hierdie aspek van gebed in ons geloofslewe?

## 14. Gebed is onophoudelik

a. 1 Tess. 5:17, 25

b. Wat weerhou ons daarvan om hierdie verse toe te pas?

### 15.Getroue bidder

a. Daniël 6:4-11

b. Wat leer ons uit die verhaal van Daniël oor gebed?

c. Wat beteken dit om getrou in jou gebede te wees en wat is die waarde daarvan?

### 16.Volhardende bidder

a. Nehemia 1:4, 11 en 2:4

b. Wat maak Nehemia se gebede vir jou so besonders?

## Aanhalings:

“Gebed is wonderlik om visie te verhelder, die senuwees te kalmeer, plig te definieer, die doel te versterk, en die gees te verheerlik en te versterk.” ~ SD Gordon

“Gebed is waar die aksie is.” ~ John Wesley

Die man van gebed: “… sy hart is ewig opgehef tot God, ten alle tye en op alle plekke. Geen persoon of ding verhinder, nog minder onderbreek hom hierin nie. Of hy alleen is of saam met mense, besig is met ontspanning, of in ’n gesprek, sy hart is ewig by die Here. Of hy lê of opstaan, God is in al sy gedagtes; hy wandel voortdurend met God, met die liefdevolle oog van sy gemoed steeds gevestig op Hom, en oral ‘sien hy Hom wat onsigbaar is. ‘”~ John Wesley (Evangelis)

“Indien ek versuim om elke oggend twee ure in gebed te spandeer, kry die duiwel die oorwinning deur die dag. Ek het so baie werk dat ek dit nie sal kan afhandel sonder om drie uur per dag in gebed te spandeer nie.” ~ Martin Luther

“Dit is nodig om te herhaal en weer te herhaal dat gebed, as ’n blote gewoonte, of as ’n optrede wat as roetine en bloot professioneel gedoen word ’n dooie ding is en uiteindelik verrot.” ~ E.M. Bounds

“Gebed breek toe deure oop, smelt kettings, sluit tronke oop en maak ’n opening vir die kinders van God waar hulle kan deurgaan.” ~ EM Bounds

“Gebed is nie ’n monoloog nie, maar ’n dialoog. God se stem in reaksie op myne, is die belangrikste deel.” ~ Andrew Murray